e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

12 Februarie 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 2

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: *"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"*
Uit Johannes 13: 12

VOORBLAD

En die grootste hiervan is die liefde

En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie.
En die grootste hiervan is die liefde!
(1 Kor 13: 13)

Daar kan in beginsel nie fout gevind word met die idee om jou waardering teenoor jou geliefde uit te druk nie; selfs ook nie met die bossie blomme, kaartjie of lekker ete waarmee jy dit doen nie. Die blote feit dat daar 'n hele boek (Hooglied) in die Bybel gewy word aan die erotiese liefde tussen 'n man en 'n vrou, sê vir ons dat dit ook 'n plek het in God se plan vir ons lewens. Luister net na die waardering wat spreek uit die volgende vers: *Jy het my hart gesteel, my beminde bruid, jy het my hart gesteel met een kyk van jou oë, met een skakel van die ketting om jou hals* (Hoogl 4: 9). Miskien sê ons dit juis te min vir mekaar. Ons hoef nie te wag vir 'n wêreldse dag soos Valentynsdag om dit te doen nie.

God is immers 'n God van liefde. Maar dit is waar ons probleem inkom. God se liefde is opofferende liefde. Dit is nie net 'n lekker warm gevoel om die hart nie. Liefde soos die Bybel dit bedoel, is om jouself te kan gee. En dit is wat dikwels vir ons so moeilik is. Om van my troontjie af te klim en vir my man of vrou of kinders te leef. Die eie ek moet doodgaan. Die belangrikste manier om vir ander te wys dat hulle vir my kosbaar is en dat ek hulle liefhet en waardeer, is om tyd saam met hulle deur te bring.

Die klassieke gedeelte in die Bybel oor die liefde is natuurlik 1 Korintiërs 13. Die volgende verwerkte weergawe daarvan verwoord iets van hierdie opofferende liefde:

Al sou ek die mooiste huis in die buurt hê en met die duurste motor ry, maar my gesin geniet nie die weelde van my teenwoordigheid nie, dan is ek so waardeloos soos 'n nulbalans op 'n bankstaat. Al het ek die gawe van woorde sodat ek mense met my argumente kan swaai of groot gehore aan my voete het, en ek het nie die liefde om na my kinders te luister nie, doen ek meer kwaad as goed. Al ken ek al die geheimenisse van die aandelebeurs; en besit ek al die kennis oor rugbyreëls; en al het ek al die geloof dat ons hierdie land met gebed kan verander, maar ek het nie die liefde om my kinders die gevare van baie geld te leer, langs die baan te staan as hulle speel, of hulle te leer bid nie, dan het ek niks bereik nie. Al gee ek meer as 'n tiende van my geld vir armes en al beroem ek my daarop dat ek aan verskeie liefdadigheidsorganisasies behoort, en ek is te moeg om vir my kind boek te lees of saam met my gesin te gaan stap, baat dit my absoluut niks.

Liefde is om geduldig te wees met iemand wat iets nie verstaan nie, om vriendelik te wees met iemand wat iets nie regkry nie, om nie afgunstig te wees op iemand anders se prestasies nie en om nie grootpraterig en verwaand te wees oor my eie nie. Iemand wat liefhet, handel nie onwelvoeglik met ander nie, soek nie eie belang nie, is nie nukkerig met iemand wat 'n bietjie aandag soek nie. Iemand wat liefhet, konsentreer nie op ander se foute nie maar op hulle oorwinnings. Iemand wat regtig liefhet, praat nie oor ander se skandes nie, glo die beste van ander mense, gee hoop aan ander, en verdra ander se tekortkominge...

Dr Gerhard Lindeque

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

Ds Herman Gothan van Utrecht (deeltyds) na Heilbron (deelversorging).
Dr Barry van Wyk van Springs (deeltyds) na Waterberg-Wes.

Beroep aanvaar

Ds Frans Marais van Vaalharts na Grootvlei.

Vakante standplaas

Gemeente Oudtshoorn beskik tans oor 'n vakante deeltydse standplaas. Predikante en emeriti wat graag daar wil werk, kan die skriba, Antoinette Olivier, kontak by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Piet Steenkamp, wat onlangs 'n hartoorplanting ondergaan het, is uit die hospitaal ontslaan en sterk tuis aan. Die Kerk bid hom 'n spoedige herstel toe.

Ds Petri van Rooyen en lidmate van Gemeente Rooihuiskraal vertrek op Donderdag 12 Februarie na **Bulawayo** om die lidmate daar te besoek. Sondag sal ds Van Rooyen die erediens waarneem. Die groep neem ook soos gewoonlik kosvoorrade en medikasie saam.

Die **finalejaarstudente van 2008** het op Maandag 9 Februarie met hulle finale toerusting by die Sinodale Kerkkantoor in Pretoria begin. Hulle is Willem Dykema, wat sy prakties by ds Jan-Harm Barkhuizen in Gemeente Weskus doen, en Marna Naudé (née Venter), wat haar prakties doen by dr Malan Storm van Gemeente Meyerspark. Marna is gedurende Desember getroud.

Ds Martin Slabbert van **Gemeente Philadelphia** kan per e-pos bereik word by een van die volgende adresse: dsmartin@philadelphia.co.za of mjslabbert@nhk.co.za Vervang asseblief die foutiewe e-posadres op bladsy 56 van die nuwe *Almanak.*

Die volgende **predikante verjaar tot 18 Februarie** en word van harte gelukgewens:

- Donderdag 12 Februarie: Ds Pieter Viljoen
- Saterdag 14 Februarie: Prop Larry van der Walt, prof Piet Venter en ds Eddie Vosloo
- Sondag 15 Februarie : Ds Johan Viljoen
- Dinsdag 17 Februarie: Ds Danie Struwig
- Woensdag 18 Februarie: Ds Peet Esterhuizen en dr Piet van Staden (Philadelphia)

Gemeente Grootvlei in Pretoria is dankbaar dat die eerste beroep wat deur die kerkraad uitgebring is, op ds Frans Marais van Vaalharts, suksesvol was. Ongelukkig bring ds Marais se vertrek uit die **ring van Noord-Kaapland** nog 'n vakature in dié uitgestrekte ring teweeg. Ds Marais was ook die skriba van die ring. Ds Hennie Pretorius het onlangs die beroep na Kimberley aanvaar vanuit die Kurumankombinasie; gelukkig is Kimberley binne die grense van die ring. Ds Hardy Kotzé van Vryburg en ds Josef Steÿn van die Stellakombinasie is die ander predikante in die ring. Hulle word bygestaan deur ds Hennie Aucamp, wat as deeltydse predikant in die Kurumankombinasie werk. Indien die Ringskommissie positief reageer op die Taakspan se voorstel dat gesamentlike beplanning gedoen moet word oor die situasie in die ring, veral rondom die Kurumankombinasie waarvan gemeentes soos Upington, Kuruman, Postmasburg en Kathu deel is, sal die gesprek gedurende Maart plaasvind. Gemeente Vanderkloof is ook steeds vakant.

Na die emeritaat van dr Hennie van Deventer (volledigversorgde predikant) en prof Piet Geyser (deeltydse predikant) van **Gemeente Pretoria-Oos,** het die kerkraad in alle erns begin met beplanning en werk rondom die beroep van 'n predikant. Die kerkraad het 'n versoek tot die

Dr Barry van Wyk

Ds Frans Marais

Ds Piet Steenkamp

Ds Petri van Rooyen

Marna Naudé

Willem Dykema



Ds Hennie Pretorius

Ds Hardy Kotzé

Ds Josef Steÿn

Ds Hennie Aucamp

Ds Willem Breytenbach

Ds Dries Beukes

Ds Adriaan Roets

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) gerig dat **prof Geyser** as emeritus die gemeente pastoraal begelei tot met die uitbring van die beroep. Prof Geyser benadruk dat hy amptelik betrokke is net totdat die nuwe predikant bevestig is. Die konsulent sal steeds sy pligte nakom. Die Kommissie behandel die versoek by sy Maart-vergadering.

Gemeente Hazyview het op Sondag 8 Februarie sy nuwe kerkgebou in gebruik geneem. Terwyl sommige gemeentes moet saamsmelt of ontbind en kerkgeboue verkoop moet word, het dié klein gemeente in moeilike ekonomiese omstandighede voortgegaan met sy bouprojek. **Ds Willem Breytenbach** is predikant van die kombinasie Sabie/Hazyview. Baie geluk aan die gemeente met die bereiking van ’n lank gekoesterde ideaal.

Gemeente Swartkop beplan steeds vir die vul van sy derde standplaas nadat ds Marthinus van Staden die beroep na Gaborone aanvaar het. **Di Dries Beukes** en **Adriaan Roets** bearbei dié gemeente, wat getallegewys die grootste gemeente in die Kerk is.

Sedert die vertrek van ds Johann de Bruin uit **Gemeente Heilbron** na sy nuwe gemeente, Wonderboompoort, maak die kerkraad op ad hoc-basis gebruik van die dienste van **ds Nico Brayshaw**, wat lidmaat is van die gemeente. Die gemeente het **ds Herman Gothan** intussen beroep, in deelsorghoedanigheid.

Na die vertrek van ds Kálmán Papp uit **Gemeente Nigel**, het die kerkraad by die Ringskommissie uitstel gekry om te beroep, omdat die pastorie eers opgeknap moet word.

’n Besondere orrel

In April is dit reeds 50 jaar sedert **Gemeente Johannesburg-Wes** hul 3-manuaal pyporrel in gebruik geneem het. Om dit te gedenk, bied hulle op **Saterdag 18 April** ’n **orreluitvoering** aan in hul kerkgebou in Tenbystraat, Westdene, Johannesburg. Kaartjies sal by die deure verkoop word teen R50 elk ten bate van die gemeente se orrelfonds. Verversings sal na afloop van die uitvoering bedien word. Kontak Paul Bester by 083 241 5002 of 011 673 4347.

Die besondere orrel met sy 1 480 sprekende pype en 22 registers is deur die orrelbouer Christian Ganser gebou. Dit het 3 848 pond gekos. Die metaalpype, hobo en dulkiaan is uit Duitsland ingevoer, en die trompet en basuin van Palmer van Engeland. Die orrel is op 26 April 1959 in gebruik geneem, en gedurende die tagtigerjare was Johannesburg-Wes een van die gemeentes wat deur die destydse SAUK gekies is vir die opneem van die program *Gemeentesang in Suid-Afrika.*

Gemeente Oos-Moot het ’n vakature vir ’n orrelis. Aansoeke met ’n volledige CV kan per e-pos gestuur word aan ds Stephan van Tonder by **stephanvt@gmail.com.** Skakel hom by 083 415 5677 vir meer inligting.

Gemeente Wonderboom het ’n vakature vir ’n orrelis. Aansoeke moet gerig word aan die skriba, Leon de Munnik, by Posbus 13599, Sinoville 0129 of **wboom@nhk.co.za** om hom te bereik teen 28 Februarie. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 3693, of mnr De Munnik by 012 567 4834, of ds Peet Esterhuizen by 012 567 6860 vir meer inligting.

Gemeente Welgelegen-Pietersburg het ’n tweedehandse rooiletter **elektroniese liedjiebord** beskikbaar nadat hulle ’n elektroniese projektorstelsel geïnstalleer het. Dit is ideaal vir jong of klein gemeentes wat nie ’n projektorstelsel kan bekostig nie, en ook ideaal vir skole. Kontak George Marais by 083 300 0554 of 015 287 1251 (w).

ANDER NUUS

Dr Jan Oberholzer, bestuurder van die Kerk se Kinderhuise en ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, se hartprobleem kon nie met die angiogram vasgestel word nie, en hy ondergaan tans verdere toetse. Hy word sterkte en ’n volkome herstel toegebid.

Ds Kálmán Papp

Ds Piet van der Merwe

Die Moderamen en lede van die Raad van Finansies het op Vrydag 6 Februarie begin beplan vir ’n **gesamentlike werkswinkel** wat op **20 Februarie** gehou sal word oor die **finansiële situasie** van die Kerk en gemeentes. Alle fasette van die Kerk se werk gaan onder die loep geneem word, en waar nodig sal bespreking gevoer en voorstelle gemaak word oor moontlike rasionalisering. Die toenemende finansiële druk op gemeentes wek kommer en daar moet betyds beplan word. Die Raad van Finansies wil verhoed dat daar weer ’n skuldsituasie in die Kerk ontstaan.

Die redaksie van die ***Almanak*** onder leiding van ds Kálmán Papp vergader binnekort om die beplanning vir die 2010-uitgawe af te handel. Die redaksie van die ***Bybelse Dagboek*** onder leiding van ds Piet van der Merwe het reeds hul beplanning gedoen en die dagstukkies word tans afgehandel. Ds Papp is nou die Sekretaris in Kerkverband by die Bybelgenootskap, maar hy sal steeds die redakteurskap van die *Almanak* behartig.

Die datums vir vanjaar se **ringsvergaderings** is gefinaliseer. Die indeling vir die besoeke deur lede van die Kommissie van die AKV is gedoen en moet op 5 Maart deur die Kommissie bekragtig word. Ringsvergaderings werk vanjaar vir die eerste keer met die verkorte jaarverslae, en die bedieningsplanne van gemeentes sal vir die eerste keer deeglik onder oë geneem word. Ouderlingevergaderings en ringsvergaderings moet kommentaar lewer sodat die verslae verbeter kan word.

Die volgende **vergaderings** vind tot 18 Februarie plaas:

Donderdag 12 Februarie
- Moderamen

Vrydag 13 Februarie
- Komitee Volkskerk

Maandag 16 Februarie
- Raad vir SENTIK

Woensdag 18 Februarie
- Direksie van Die Ondersteuningsraad

Die **Kerkargief** benodig die dienste van ’n deeltydse assistent wat so spoedig moontlik kan diens aanvaar. Die pos vereis 15 uur diens per week, verkieslik in die middae. Die posbekleër moet argivalia in die Argiefbewaarplek asook die boeke in die Biblioteek fisies verskuif, en gebruikte argiefstukke afhaal en wegpak. Die argiefassistent moet ook voorwerpe in die Museumstoorruimte hanteer. Vanweë die fisieke eise wat die werk stel, sal die ideale kandidaat ’n man wees. Die kandidaat moet Afrikaans goed kan lees, selfstandig en verantwoordelik kan werk, en die vermoë hê om detail raak te sien sodat opdragte noukeurig afgehandel kan word. Die vergoeding is ongeveer R4 000 per maand (bruto, voor aftrekkings). Belangstellendes kan mnr Piet Beukes (Hoof: Menslike Hulpbronne) by **piet@nhk.co.za** kontak, of dr Wouter van Wyk (Sekretaris: SENTIK) by **wouter@nhk.co.za**. Albei kan telefonies gekontak word by 012 322 8885. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **Maandag 16 Februarie**.

BAIE BELANGRIK!

Daar word tans noodsaaklike instandhouding gedoen in die **Kerk se Argief** in die Dirk van der Hoffgebou. Gemeentes word opnuut versoek om **nie voor 23 Maart** enige argiefstukke na die Argief te bring nie, aangesien dit nie in hierdie stadium ontvang kan word nie. Dit sal ook waardeer word indien besoekers vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 in verbinding sal tree voordat hulle die Argief besoek. Navorsers sal nie in hierdie stadium toegang tot die Argief kan kry nie.

Nuus uit Die Ondersteuningsraad

Dr Charmaine Fourie



Die Ondersteuningsraad se kantoor in Vanderbijlpark het teen die einde van Januarie verhuis na **Gemeente Vanderbijlpark**, wat vir hulle kantoorruimte in die kerkgebou beskikbaar gemaak het. Die gebou is geverf en ingerig om kliënte te ontvang en projekte te bestuur. Hartlik dank aan die gemeente vir hul belangstelling en entoesiasme.

****

Die Raad se kantoor in **Elsburg** is tans betrokke by die volgende projekte:

- **SOS Koskas**
  Hulp word verleen aan persone wat materiële nood ervaar. Die kantoor voorsien ook elke Donderdag toebroodjies en koeldrank aan 180 kinders. Nie-bederfbare produkte word benodig om die projek te laat slaag.

- **Rondebult Satellietkantoor**
  Elsburg-kantoor werk vanuit 'n satellietkantoor in Rondebult. 'n Klaskamer van die kleuterskool word daarvoor gedeel. Die kantoor het 'n stuk grond waar 'n kantoor opgerig kan word. 'n Moontlike skenking van 'n *zozo* of houer (*container*) sal opreg waardeer word.

- ***Beauty's Day Care Centre***

  50 behoeftige voorskoolse kinders woon bedags hierdie sentrum by. Die onderwysers is vrywilligers vanuit die gemeenskap. Geen fondse is beskikbaar om die kinders met hul opvoeding te help nie. Daar is 'n groot tekort aan skryfbehoeftes, leesmiddels, boeke, speelgoed, opvoedkundige materiaal en speelapparaat.

Indien iemand met enige van die projekte kan help, kan Elsburg-kantoor by **011 824 3226/9** gekontak word. Enige hulp sal welkom wees.

****

Die Ondersteuningsraad loods vanjaar van **25 tot 31 Mei** 'n nasionale bewusmakingsprogram oor die regte van kinders. Dié **Kinderbeskermingsprojek** sal die vorm van 'n **fotografiekompetisie** aanneem waar persone (volwassenes en kinders) hul siening van kinderverwaarlosing moet uitbeeld.

Daar sal drie kategorieë wees, wat laer- en hoërskoolleerlinge sowel as volwassenes insluit. Pryse vir die drie beste foto's in elke kategorie kan gewen word ('n totaal van 9 kontantpryse). 'n Totale bedrag van **R11 000** word benodig om die onkoste en prysgeld vir die projek te dek. Dit sluit in R2 000 vir elk van die drie eerste plekke, R1 000 vir elk van die drie tweede plekke, en R500 vir elk van die drie derde plekke.

'n Dringende versoek word gerig vir kontantskenkings wat aangewend sal word vir die pryse in elke kategorie. Navrae kan aan dr Charmaine Fourie gerig word by **012 322 888 / 071 684 7796 / oraadpb@nhk.co.za**.

****

Die Raad ondervind steeds 'n groot behoefte aan **skoolbenodigdhede vir kinders**. Vanweë die swak ekonomiese toestande kan ouers nie meer self aan dié behoefte voldoen nie. Kontak Adri Bekker van Die Ondersteuningsraad by 012 325 2320 of 083 979 5517 as u kan help.

****

Die Raad benodig dringend 'n persoon wat op **vrywillige** basis (as deel van sy/haar bydrae aan die Kerk) as **webmeester** die nodige verantwoordelikheid sal neem vir die instandhouding van hul nuwe webblad. Belangstellendes kan dr Charmaine Fourie kontak by 012 322 8885 of 071 684 7796, of per e-pos by **oraadpb@nhk.co.za**.

KOMMENTAAR

'n Mens is altyd huiwerig om aan 'n suksesresep te torring, maar die redaksie het dit tog nodig geag om die ontwerp van die *e-Hervormer* te verander, veral sodat dit kon aansluit by die voorkoms van die Kerk se webblad. Hoe het lesers ons nuwe voorkoms beoordeel?

Mev Magda van Deventer

Ds Marthinus van Staden

"Baie geluk met die nuwe uitleg van die *e-Hervormer*. Dis uitstekend; interessant sonder om oorweldigend te wees. Julle handhaaf 'n uitstekende balans. Welgedaan!"

Magda van Deventer
InterWord Communications
en redakteur van *Die Christelike Vrou*

"Ek wil net laat weet die nuwe formaat lyk pragtig! DIt is lekker en maklik om te lees en skep 'n uiters professionele indruk. Hou so aan."

Ds Marthinus van Staden
Gemeente Gaborone
en samesteller van die *e-Hervormer* tot 11 September 2008

ADVERTENSIES

TUINWOONSTEL TE HUUR

Rietondale Pretoria
('n rustige woongebied direk noord van die Uniegebou, met 'n lae misdaadrekord)

Slegs vir 'n enkelpersoon werknemer of student wat die omgewing se rustigheid kan waardeer en handhaaf.
Digby universiteite, Brooklyn en die middestad.

Netjies en privaat. Groot vertrekke soos slaapkamer, badkamer, kombuis, L-vormige sit/eetkamer, voorstoep en agterstoep met private tuintjie.
R2 500/maand (water en ligte ingesluit); deposito R2 500.

Beskikbaar 1 Maart 2009
Veilige onderdakparkering. Geen troeteldiere.

Meer besonderhede by Jan Oberholzer jan@nhk.co.za of 082 851 1081 alle ure.

Die *e-Hervormer* plaas graag advertensies vir produkte of dienste wat 'n private individu of instansie teen betaling aanbied. Adverteerders moet asseblief op die volgende sake let:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en die redaksie behou die alleenreg voor om die uitleg van die advertensie te bepaal.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. Geen advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. Daar kan 'n maksimum van drie agtereenvolgende plasings wees, of afgebroke een plasing per maand.
- Die koste is R100 per plasing, vir 50 tot 100 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: SENTIK Ads

Die nuwe Diensboek amptelik in gebruik

Ds Hannes van der Merwe, voorsitter van die Raad vir Erediens, het op Donderdag 5 Februarie tydens 'n buitengewone vergadering van die Kommissie van die AKV die nuwe Diensboek amptelik aan die voorsitter, prof Theuns Dreyer, oorhandig.

Ds Van der Merwe het die pad geskets wat die hersiening geloop het en veral dank betuig teenoor dr Elsabé Kloppers, lid van die Raad vir Erediens en hoof van die Konservatorium vir Kerkmusiek, vir haar aandeel in die werk oor die liturgiese ordes. Prof Dreyer het gesê dat die nuwe Diensboek 'n nuwe fase vir die eredienste in die Kerk inlui en dat daar nou 'n veel groter verantwoordelikheid op die predikant rus om meer aandag te gee aan die liturgie van elke erediens. Hy het 'n beroep gedoen op kerkraadslede en lidmate om meer te wete te kom oor die liturgiese ordes in die erediens. Die Diensboek kan onder meer met vrug gebruik word by Bybelstudiegeleenthede. Kerkrade is ook versoek om die Diensboek op **Sondag 15 Februarie** feestelik tydens die erediens in gebruik te neem.

Die nuwe Diensboek bevat nie die belydenisskrifte nie. Laasgenoemde sal apart uitgegee word nadat dit nuut vertaal is deur die verskillende kerke. Die belydenisskrifte is wel beskikbaar op die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za**.

Die Diensboek is by SENTIK beskikbaar teen R50 (posgeld uitgesluit). Bestel van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 of **sentik@nhk.co.za**.

Dr Elsabé Kloppers, prof Theuns Dreyer en ds Hannes van der Merwe



Redakteur: Prof Piet Geyser
Subredakteur: Dr Gerhard Lindeque
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse